

Hoofstuk: 1 Paragraaf: 18.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Teen iemand wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en gestrengheid van die regverdigde verwerping in opstand is,	1 Job 39:34-37	En die HERE het Job geantwoord en gesê: Wil die berisper met die Almagtige twis? Laat hy wat God tereg wys, hierop antwoord! Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond.	Die Here het verder vir Job gesê: "Wil jy 'n saak maak teen die Almagtige en Hom bestraf? Wil jy vir God tereg wys? Antwoord Hom dan!" Job het toe vir die Here gesê: "Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liever stilbly.
stel ons die woorde van die apostel: O, mens, wie is jy wat teen God antwoord?;	2 Romeine 9:20	Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie?	Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: "Waarom het jy my so gemaak?"
en ook die woorde van ons Saligmaker: Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?	3 Matteus 20:15	Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is?	Mag ek dan nie met my geld maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is?
Maar ons wat hierdie verborgenhede godvresend en met eerbied aanbid; roep saam met die apostel uit: O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken of wie was sy raadsman gewees? Of wie het iets aan Hom gegee, dat dit vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid! Amen.	4 Romeine 11:33-36	o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.	O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?" Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid! Amen.